

Ons verhouding met die Here in die lig van Hosea se gesin

Teks: Hosea 1: 1 -12
Teksvers: Hosea 1: 7

1. Inleiding

Gaan trou met 'n prostituut! Selfs op die moderne ongelowige is dit 'n vreemde opdrag. Ja self in vandag se lewe waar skynbaar enige seksuele oortuiging of uitlewing geoorloof is, is hierdie gedagte vreemd. Maar wat dit vir ons nog vreemder maak is dat hierdie die opdrag gegee word aan 'n ampsdraer van die Here. Hierdie opdrag word aan die profeet Hosea gegee.

Ons kan mos binne ons kerklike oortuigings nooit hiermee verlief neem nie? Ek meen ons het natuurlik getrou aan die Bybel hoë standarde vir ampsdraers veral in terme van seksuele oortuigings en optrede. Hoe kan 'n persoon wat in die amp staan dan enige aandeel aan seksuele losbandigheid gaan hê? En natuurlik lei die opdragte veral Levitikus 21:7 en 1 Timoteus 3:2 ons in hierdie verband.

Daarom is hierdie gedeelte nog altyd een van daardie moeiliker gedeeltes uit die Woord van God. Verskeie verklaarders van die Woord het deur die eeue hierdie boodskap bietjie probeer versag. Hulle het probeer om dit as 'n visioen te beskou, of een of ander versteekte betekenis daaraan

probeer gee. Alles om weg te kom van die letterlike historiese werklikheid dat die profeet van die Here met 'n prostituut moet gaan trou. Maar, histories gaan trou Hosea letterlik met die prostituut Gomer in gehoorsaamheid aan die opdrag van die Here.

Wat kon denkbaar so belangrik wees om te openbaar aand die volk? So belangrik dat 'n gelykenis of ander ritueel net nie sou werk nie? Die antwoord is die troueloosheid van die volk teenoor die Here. Om die werklike hartseer van God die Vader aan ons te openbaar is hierdie ongelukkige huwelik nodig. Hierdie is die hartseer wanneer ons in afgodery betrokke raak. Dan is ons soos 'n huweliksmaat wat eintlik besig is met prostitusie. Maar dit is nie waar die sonde van afgodery stop nie. Uit hierdie slegte huwelik word kinders gebore, slegte kinders. Ons gaan elkeen van hierdie drie kinders ondersoek.

2. Jisreël

Die huwelik tussen Hosea en Gomer is nie kinderloos nie. Sonde en veral afgodery is nooit kinderloos nie. Dit kan gewoonlik nie veilig in kwarantyn geplaas word nie. Sonde se invloed strek verder en beïnvloed meer areas as wat ons dink. Jisreël wat letterlik in

die grondteks beteken die Here saai, word nie buite egtelik gebore nie, maar word gebore uit die huwelik tussen Hosea en Gomer. Jisreël is die naam van een van die afstammelinge van Juda. Maar in ons teksgedeelte vandag val die klem baie meer op die naam van 'n gebied.

Jisreël en dan veral die Jisreëlvlakte was by die volk bekend vir geweld. Dit is die plek waar Debora en Gideon bloedige oorwinnings behaal het. Dit is waar Nabot se wingerd was. Dit waar Jehu vir Omri oorwin het, in 'n groot bloedbad. In Jisreël word nie vrugbare landbou saad gesaai nie, die bloed van mense word gesaai, word vergiet.

Miskien het ons al so afstomp geraak vir geweld. Ons is juis tans weer in 'n tyd van oorloë in die wêreld. Ons kan maklik vra maar wat is dan fout met geweld? Is geweld nie maar bloot deel van oorlewing, van onderdrukking van die bese nie. Self in hierdie konteks het koning Jehu mos opdrag van die Here gehoorsaam in die oorwinning van Omri.

Die probleem met geweld is dat die aksie is wat haat binne 'n mens openbaar. Dit is waar my geneigdheid om God en my naaste te haat prakties word. Dit is waar die mens nie meer respek het vir lewe nie. Waar babas vandag in ons land wettiglik in aborsie vermoor word, sonder dat een politieke party iets daaroor sê.

Ten diepste bly die Here se groot opdrag aan ons vir Hom en ons naaste lief te hê. Maar ons het dikwels maar die Here lief soos 'n prostituut mans liefhet. Voorwaardelik, vir die finansiële vergoeding wat sy kan ontvang. Hierdie gierigheid en selfsug loop later uit op haat en selfs geweld teenoor my naaste, om te kry wat ek wil hê. En later selfs haat teenoor die Here omdat ek dan nie sekere seëninge ontvang nie. Soos wat Gomer vir Jisreël voortbring, bring haat uiteindelik geweld en die dood voort.

3. Sonder-ontferming

Die tweede kind wat Gomer vir Hosea voortbring is 'n dogter. Na die harde liefdelose seun, moet 'n dogter tog anders wees. Ons weet dat die vroulike geslag beter is met liefde en omgee as mans. Dit is immers presies wat ons bely in kerk oor die onderskeie rolle en gawes waarmee die Here mans en vrouens skep. Maar dan weer die skok in die opdrag van die Here: Noem haar Lo-Rugáma, Noem haar sonder ontferming. Wat sal van 'n dogter word sonder die ontferming van haar vader?

Maar hierdeur openbaar die Here aan ons die gesindheid van die volk, van ons as gelowiges. Ons is soos 'n swak klein dogtertjie, maar ons tree steeds rebels op. Ons dink dat dit met ons beter sal gaan by ander vaders. Ons draai so maklik ook ons rug op die gesag en hoofskap van die Vader. Ons gaan dien die bese onder die valse

illusie dat ons vry en gelyk kan wees.
Dat ons self as afgod kan regeer.

Maar dit is dan huis by hierdie kind van Hosea waar ons ook die teksvers van vandag aantref. Want dit is by hierdie tweede kind waar ons die genade van die Here sien deurbreek. Daar is ontferming oor sonder-ontferming. Ontferming wat uit die huis van Juda gaan kom volgens vers 7. Ons weet natuurlik dat hier verwys word na die uiteindelik Leeu van Juda. Ons Here Jesus Christus wat kom om ontferming te bewys aan ons as sondaars. Wat Sy lewe kom gee as losprys vir ons sondes. Wat verlossing bring

Hierdie verlossing is so anders as die geweldadige oorloë waarin ons in Jisreël verwys het. Want in liefde kom vergiet Christus Sy eie bloed om ons te verlos van die bose, van die afgode. Daarom is hierdie verlossing nie deur boog, swaard, oorlog, perde of ruiters nie. En ons weet uit die huis van Juda is daar ook vandag vir ons verlossing. Is daar ook vandag vir ons ontferming.

4. Nie-my-volk-nie

Die derde kind wat Gomer voortbring is vir ons die mees ontstellende. Hier het die sonde 'n tipe volwassenheid bereik wat die dood bring. Hierdie seun se naam is Lo-Ammi. Hierdie seun se naam is nie-my-volk-nie. Hier het ons iets van 'n skeiding. 'n Afskeiding. Ons ken ook afskeiding van mense. Selfs hier in ons eie gemeenskap van gelowiges is daar soms broers en

susters wat hulle rug draai op die gemeenskap van gelowiges. Mense wat op die einde hulleself afsny van die gelowiges.

Hierdie afskeiding is waarvan ons hier lees is baie ernstig. Want dit is duidelike verbondstaal wat ons hier raak lees. Lev 26:12 sê "12En Ek sal in jul midde wandel en vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees." Daarom impliseer die woorde Nie-my-volk-nie duidelik 'n herroeping van hierdie verbond.

Geliefdes dit is uiteindelik wat met volhardende sonde gebeur. Dit bring dood geestelike dood. Dit plaas 'n mens op die einde buite die verbond. En daar is geen lewe buite die verbond. Dit is op die einde nie net 'n geestelike dood nie, maar eindig ook in 'n ewige fisiese dood. Dit is wat hierdie naam openbaar. Omdat die volk voortdurend afgode bo die Here verkies het, gaan die Here hulle ook nie meer as sy volk kies nie.

Wat doen ons vandag? Stel ons nog belang om die volk van die Here te wees. Is dit nog vir my belangrik dat ek 'n uitverkore kind van God is? Wanneer ons hierdie dinge gaan meet in betrokkenheid en hulpbron spandering lyk dinge nie goed vandag nie. Ons is besig om afgode te dien met ons tyd, geld en uiteindelik ook ons gesinne. Doen ons nog moeite om ons nageslag in die verbond groot te maak?

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit met die 'n laaste verwysing na die huwelik met 'n prostituut. Ons het in die begin verwys na die skok op die sisteem hiervan. Maar ons moet vandag vra of dit nog werklik 'n skok op sisteem is. Eers moet ons dit weer duidelik maak wat prostitusie is. Dit is meer 'n blote seksuele losbandige lewe. Dit opsig self is natuurlik ook sonde teen die 7de gebod. Maar wanneer dit by prostitusie kom, dan is daar vergoeding ter sprake. Dan word die seksuele in ruil vir vergoeding aangebied.

Onmiddelik wil ons reageer, dat ons as kerkmense mos ver van hierdie gebruik staan. Maar hoe lyk dit wanneer ons ook eerlik na ons lewens kyk. Wat doen ons met die gawes en seëninge wat ons uit die hand van die Here ontvang. Is ons eenvoudig besig om dit alles tot op die laaste te verkwansel vir

'n inkomste. Of nog erger gee ons dit sommer net verniet weg aan sport, ontspanning of stokperdjies.

Watter deel van my gawes en seëning word gewy aan die Here en my naaste. Wat gee ek terug aan die kerk en georganiseerde geloofsbeoefening? Waar help ek werklik my naaste, sonder om later enige guns of bevoordeling terug te verwag? Is ons nog steeds son onskuldig in terme van prostitusie?

Tog is die genade van die Here altyd groter, want tussen dit alles deur kom gee Hy in verbondsliefde steeds Sy ennigebore Seun as Verlosser. Kom ons gaan gebruik die liefde waarin ons in die Here Jesus Christus verlos is en gered is om God te eer en te verheerlik en ons naaste lief te hê soos onself.

Amen